

Donderdag 10 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16

Kom met erns tot bekering!

Elke brief het iets te sê gehad wat vir die hele kerk van die Here geld. Hierdie brief doen dieselfde: dit handel oor 'n neiging wat voorkom in die eindtyd en hoe die Here daarvoor voel. Die Here stuur 'n boodskap aan 'n gemeente (wat sy hele kerk verteenwoordig) dat die nuwe begin aanstons hier is: Kom met erns tot bekering.

Ons eerste kennismaking met die gemeente Laodisea, deur hierdie brief van ons Here, is maar 'n troostelose een. Die Here is kwaad vir die dominee van die gemeente omdat hy nie koud of warm is nie. Hy is 'n louterige tipe mens wat nêrens standpunt inneem nie. Ons Here het ook geen woord van lof of goedkeuring vir lidmate van daardie gemeente nie, omdat hulle geestelik is soos wat hulle predikant is.

Tog is dit 'n gemeente waar dit uiterlik goed gaan, want ons lees nie van enige verdrukking wat daar plaasgevind het nie. Ons weet ook nie van stryd wat hulle deurgemaak het nie. Daar was ook nie ketters wat die gemeente verwar het nie. Verder was daar rus in die gemeente, omdat hulle kon beweeg waar hulle wou.

Maar die geestelike toestand van die broeders en susters daar was baie beklagenswaardig, veral omdat hulle nie begrip gehad het vir hulle eie toestand nie. Hulle het nie besef wat hulle doen, en op watter lae kerf hulle geloofslewe lê nie.

Hierdie ellendige toestand het ontstaan omdat die gemeente daar glad nie onverskillig en ook nie besield gestaan het teenoor geloofsake nie. Dalk die belangrikste - hulle het nie besef wat dit is om nederig te wees nie.

Sing: Psalm 16-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)